

**Riglyne vir toepaslike verwysing van kinderklënte vir forensiese
assessering in 'n Suid-Afrikaanse Welsynorganisasie**

KANDIDAAT: KARIN BOTHA

UNIVERSITEITSNOMMER: 12746460

M MAATSKAPLIKE WERK: FORENSIESE PRAKTYK

SKOOL VIR PSIGOSOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE

VAKGROEP MAATSKAPLIKE WERK

NOORDWES-UNIVERSITEIT – (POTCHEFSTROOMKAMPUS)

FOKUSAREA: AUTHÉR

STUDIELEIER: DR. A.G. HERBST

Karin Botha

BA(MW)

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

MAGISTER

in

MAATSKAPLIKE WERK: FORENSIESE PRAKTYK

in die

Fakulteit Gesondheidswetenskappe

aan die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

(POTCHEFSTROOMKAMPUS)

DANKBETUIGINGS

Ek bedank graag die volgende persone wat my ondersteun het:

- Aan my Liewe Vader: Dankie vir die geleentheid wat U aan my gebied het.
- Dr. Herbst vir baie geduld, ekstra moeite, leiding en ondersteuning.
- My man Magnus vir al jou liefde, geduld en ondersteuning.
- My ouers vir ondersteuning en aanmoediging.
- Aartia Joubert vir die taalversorging van die artikel (Sien Aanhangsel E).

Inhoudsopgawe

DANKBETUIGINGS	iii
OPSOMMING	vi
ABSTRACT.....	vii
VOORWOORD	viii
VOORSKRIFTE AAN OUTEURS	ix
Riglyne vir toepaslike verwysing van kinderkliënte vir forensiese assessering in 'n Suid-Afrikaanse Welsynorganisasie.....	Error! Bookmark not defined.
MANUSKRIP VIR EKSAMNERING	
INLEIDING	3
DOELSTELLING EN DOELWIT	6
SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT.....	6
NAVORSINGSMETODOLOGIE.....	6
Literatuurstudie	6
Navorsingsontwerp	7
Data-insamelingsmetodes	8-9
Etiese aspekte.....	9
Prosedure en werkswyse	9
BEVINDINGS	10
Biografiese inligting van deelnemers.....	10
Deelnemers se sienings	10-11
Verwysing na forensiese maatskaplike werker.....	12-13
Bestaande verwysingsproses.....	14
Eerste bewering deur kind	15
Blinde assessering.....	15-16
Siening van forensiese assessering	17
Tweeledige betrokkenheid	17-18
Bestaande hanteringsprosedure.....	19
Aspekte om tydens forensiese assessering te vermy.....	20
Mediese verslag	21
Wie behoort forensiese assesserings te doen?	22
Swak verwysings	23-24
Riglyne vir toepaslike verwysing van kinderkliënte vir forensiese assessering in 'n Suid-Afrikaanse Welsynorganisasie.....	25
GEVOLGTREKKINGS	26
AANBEVELINGS.....	26-27
SAMEVATTING.....	27
BRONNELYS.....	28

AANHANGSELS

Aanhangsel A: Fokusgroepvrae

Aanhangsel B: Fokusgroepformaat

Aanhangsel C: Onderhoudskedule vrae

Aanhangsel D: Inligting en ingeligte toestemmingsdokument

Aanhangsel E: Brief van taalversorger

LYS VAN TABELLE EN DIAGRAMME

TABEL 1: DEELNEMERS BINNE DIE NAVORSINGSPROSES

TABEL 2: DEELNEMERS SE SIENINGS VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK

TABEL 3: REDES VIR VERWYSING NA 'N FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERKER

TABEL 4: BESTAANDE VERWYSINGSPROSES VIR FORENSIESE ASSESSERING

TABEL 5: HANTERING VAN EERSTE BEWERING DEUR 'N KIND

TABEL 6: OPINIE OOR BLINDE ASSESSERING

TABEL 7: DEELNEMERS SE SIENING VAN FORENSIESE ASSESSERING

TABEL 8: OPINIE OOR TWEeledige BETROKKENHEID BY ASSESSERING EN TERAPIE

TABEL 9: ONDERSKEID TUSSEN DIE HOOFELEMENTE IN FORENSIESE MAATSKAPLIKE EN TERAPEUTIESE WERK

TABEL 10: BESTAANDE PROSEDURE BY DIE HANTERING VAN BEWEERDE SEKSUELE MISBRUIK VAN 'N KIND

TABEL 11: ASPEKTE OM TYDENS FORENSIESE ASSESSERING TE VERMY

TABEL 12: NOODSAAKLIKHEID VAN MEDIESE VERSLAG AS DEEL VAN FORENSIESE ASSESSERING

TABEL 13: WIE BEHOORT FORENSIESE ASSESSERINGS TE DOEN?

TABEL 14: REDES VIR SWAK VERWYSINGS VIR FORENSIESE ASSESSERING

DIAGRAM 1: RIGLYN VIR VERWYSING VIR FORENSIESE ASSESSERING

OPSOMMING

Riglyne vir toepaslike verwysing van kinderkliënte vir forensiese assessering in 'n Suid-Afrikaanse Welsynorganisasie

Die beskerming van kinders vorm reeds vanaf die vroegste tye 'n belangrike deel van die maatskaplike werker se verantwoordelikhede. Wanneer daar verwys word na die beskerming van kinders is statutêre ingryping dikwels nodig, met die gepaardgaande ondersteunende of terapeutiese intervensie. In gevalle waar kinders seksueel misbruik word is die aard van hierdie dienslewering kompleks en word diverse insette vereis. Forensiese maatskaplike werk is 'n betreklik nuwe spesialiteit by dienslewering in maatskaplike werk in Suid-Afrika. Die forensiese maatskaplike werker is primêr gemoeid met die instel van 'n ondersoek na aanmeldings van beweerde seksuele misbruik en moet vanuit 'n forensiese assessering 'n verslag vir die hof saamstel en ook deskundige getuienis in die hof lewer. Die forensiese maatskaplike werker is nie op terapeutiese vlak by die kind betrokke nie. Maatskaplike werkers gemoeid met generiese kinder- en gesinsorg kan by beide die statutêre en terapeutiese intervensies betrokke wees, maar is nie altyd seker wanneer 'n kind vir forensiese assessering verwys moet word nie. Dit kan lei tot rolverwarring en -konflik.

Hierdie studie poog om riglyne saam te stel vir maatskaplike werkers in die Christelik-Maatskaplike Raad se kantore in die Hoëveld Sinode om verwysings vir forensiese assessering te vergemaklik en genoemde rolverwarring en -konflik uit te skakel. Die riglyne is saamgestel op grond van inligting wat versamel is uit die relevante literatuur sowel as uit fokusgroepgesprekke en individuele onderhoude met maatskaplike werkers wat spesialiseer in forensiese maatskaplike werk. Alhoewel die riglyne spesifiek vir die genoemde organisasie ontwikkel is, kan dit moontlik ook van waarde wees vir maatskaplike werkers in ander kinder- en gesinsorgorganisasies.

SLEUTELTERME

Forensiese maatskaplike werk, kinder- en gesinsorg, seksuele misbruik, forensiese assessering, welsynorganisasie, verwysing

ABSTRACT

Guidelines for the appropriate referral of child clients for forensic assessment in a South African welfare organisation

From earliest times, child protection has formed an important part of the social worker's responsibilities. When child protection is referred to, statutory intervention, with the accompanying supportive or therapeutic intervention, is often necessary. In cases of sexual abuse of children, the nature of the service rendered is complex, requiring a wide range of inputs. Forensic social work is a fairly new specialist field in terms of service provision in social work in South Africa. The forensic social worker is primarily involved in investigating reports of alleged sexual abuse and must draw up a court report and, as an expert, give evidence in court. The forensic social worker is not involved with the child at therapeutic level. Social workers involved with generic child and family care can be involved in both the statutory and the therapeutic interventions, but are not always sure when a child should be referred for forensic assessment. This may lead to role confusion and conflict.

This study attempts to establish a guideline for social workers in the offices of the Christian Council Social Services in the Highveld Synod, in order to facilitate referral for forensic assessment and to eliminate the role confusion and conflict mentioned above. The guidelines have been drawn up on the basis of information gathered from the relevant literature and from focus group conversations with social workers and individual interviews with social workers specialising in forensic social work. Although the guidelines have been developed specifically for the above-mentioned organisation, social workers in other child and family care organisations could also derive benefit from them.

KEYWORDS

Forensic social work, child and family care, sexual abuse, forensic assessment, welfare organisation, referral

VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies ooreenkomstig regulasie A.11.2.5 vir die graad MA (MAATSKAPLIKE WERK) (Forensies). Die artikel voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif, *Carsa*, vir die professionele persone wat met kinders werk.

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Die tydskrif *Carsa* publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied.

Bydraes mag in Afrikaans of in Engels gelewer word. Alle artikels moet van 'n Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde vergesel word. Alle bydraes sal krities deur ten minste twee keurders beoordeel word. Beoordeling is streng vertroulik. Manuskripte sal na outeurs teruggestuur word indien ingrypende hersiening vereis word of indien die styl nie met die tydskrif se standaard ooreenstem nie. Artikels van minder as 2 000 of meer as 12 000 woorde sal normaalweg nie vir publikasie oorweeg word nie. 'n Disket met die hele teks, verkieslik in MS Word for Windows moet die hele manuskrip en twee afskrifte van die manuskrip vergesel. Manuskripte moet in 12pt "Times New Roman" dubbelspasiëring slegs op een kant van 'n A4-bladsy getik word. Indien enigsins moontlik moet die manuskrip ook per e-pos aan sasac@cybertrade.co.za versend word. Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied. Verwysings in die teks: Wanneer woordelikse sitate, feite, of argumente uit ander bronne aangehaal word, moet die van(ne)van die outer(s), jaar van publikasie en bladsynommers tussen hakies in die teks verskyn, bv"... (Berger, 1997:12). Meer besonderhede oor bronne moet alfabeties volgens vanne van die outeurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Bronnelys" verskyn.

**Riglyne vir toepaslike
verwysing van
kinderkliënte vir forensiese
assessering in 'n Suid-
Afrikaanse
Welsynorganisasie**

Karin Botha

2010

MANUSKRIP VIR EKSAMINERING

Riglyne vir toepaslike verwysing van kinderkliënte vir forensiese assessering in 'n Suid-Afrikaanse Welsynorganisasie [5130 woorde]

Me. Karin Botha, Meestersgraadstudent aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), werksaam as maatskaplike werker by die Christelik-Maatskaplike Raad in Kempton Park.

Dr. Alida Herbst, Senior Lektor by die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

ABSTRACT

This study attempts to establish a guideline for social workers in the offices of the Christian Council Social Services in the Highveld Synod, in order to facilitate referral for forensic assessment and to eliminate the role confusion and conflict mentioned above. The guidelines have been drawn up on the basis of information gathered from the relevant literature and from focus group conversations with social workers and individual interviews with social workers specialising in forensic social work. Although the guidelines have been developed specifically for the above-mentioned organisation, social workers in other child and family care organisations could also derive benefit from them.

KEYWORDS

Forensic social work, child and family care, sexual abuse, forensic assessment, welfare organisation, referral

INLEIDING

Seksuele misbruik van kinders is 'n komplekse probleem wat wêreldwyd toeneem en maatskaplike werkers en aanverwante dissiplines noop om spesialiskennis oor hierdie verskynsel te bekom om kinders wat hierdeur geraak word toepaslik te beskerm. Forensiese maatskaplike werk kan beskou word as een van die nuwer spesialiteite wat in 'n groot mate gefokus is op die hantering van kinders wat seksueel misbruik is. Forensiese maatskaplike werk as spesialiteit is redelik gevestig in lande soos die Verenigde State van Amerika, Kanada en Brittanje, maar is betreklik nuut in Suid-Afrika. Dit kan soms lei tot die ontstaan van rolkonflik en -verwarring onder maatskaplike werkers.

Die voorafgaande kan die gevolg wees van onkunde en onduidelike riglyne en prosedures wat betref forensiese maatskaplike werk. Die navorser is werksaam in die veld van kinder- en gesinsorg en het in die praktyk ervaar dat daar onsekerheid en onkunde in hierdie verband bestaan. Hierdie onsekerheid en gepaardgaande rolkonflik en/of -verwarring kan uiteindelik dienslewering aan die kind nadelig beïnvloed. Dit sou wenslik wees dat alle kinders, sodra daar 'n vermoede bestaan dat die kind seksueel misbruik is, so spoedig moontlik verwys word na 'n opgeleide professionele persoon wat bekend is met gevalle van misbruik, op kan tree as 'n deskundige in die hof en oor die nodige kennis en ervaring beskik om so 'n saak deurlopend te hanteer.

Hierdie artikel fokus grootliks daarop om binne die Christelik Maatskaplike Raad se kantore in die Hoëveld Sinode riglyne te bied om toepaslike verwysings vir forensiese assesserings te maak. Inligting is versamel vanuit literatuur, fokusgroepe met maatskaplike werkers en onderhoude met forensiese maatskaplike werkers. Hierdie artikel bied 'n oorsig van die probleem, die navorsingsmetodologie, die resultate en die aanbevelings in die vorm van 'n riglyn.

PROBLEEMSTELLING EN RASIONAAL VIR DIE STUDIE

Alle kinders is ingevolge die Grondwet (SA, 1996:14-15) gelyk geskape en hulle basiese menseregte moet erken en beskerm word deur deurlopend in hulle beste belang te handel

(SA, 2005:7). In die moderne wêreld word die kind al hoe meer blootgestel aan 'n verskeidenheid van risikofaktore waarvan seksuele misbruik maar een is (Barlow & Durand, 2005:389). Dienslewering aan die kind was sedert die vroegste tye 'n prominente deel van maatskaplikewerkpraktyk. Volgens die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:32) behels kindersorg die beskerming van kinders en die bevordering van hulle maatskaplike funksionering. Die maatskaplike werker kan dus deur intervensie met kinders verskillende rolle en funksies vervul. Dit sluit in kinderbeskerming (hoofsaaklik statutêre dienste), deskundige getuienis in 'n hof (forensiese maatskaplike werk) en terapeutiese dienste (onder andere speltherapie). Elkeen van die voorafgaande het 'n unieke invalshoek en werkswyse in die beste belang van die kinderkliënt (Spies, 2006:205).

Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:62) beskryf statutêre maatskaplike werk as 'n gespesialiseerde veld in maatskaplike werk wat daarop gemik is om die funksionering van individue, gesinne en gemeenskappe te verbeter, deur die aanwending van administratiewe prosedures toe te pas wat voorgeskryf is deur 'n geskrewe wet van 'n wetgewende liggaam. Maatskaplike werkers in generiese praktyk is veral gemoeid met statutêre maatskaplike werk en is vertrouwd met dienslewering binne hierdie veld. Spesialisdienste soos forensiese maatskaplike werk vorm egter nie altyd deel van die kennisbasis en praktykervaring van alle maatskaplike werkers nie, aangesien dit spesifieke kennis en vaardighede vereis (Spies, 2006:206).

Barker (2003:166) beskryf forensiese maatskaplike werk as "... the practice speciality in social work that focuses on the law, legal issues, and litigation, both criminal and civil, including issues in child welfare, custody of children, divorce, juvenile delinquency, non-support, relatives responsibility, welfare rights, mandated treatment, and legal competency. Forensic social work also helps social workers in expert witness preparation. It also seeks to educate law professionals about social welfare issues and social workers about the law". Barker en Branson (2000:166) bevestig dat forensiese maatskaplike werk 'n spesialiteitsveld is wat fokus op die verhouding van die kliënt met die regsistiem. Take van die forensiese maatskaplike werker sluit onder meer 'n volledige assessering en die lewering van deskundige getuienis in die hof in. Binne die konteks van forensiese maatskaplike werk word die maatskaplike werker dus beskou as 'n professionele persoon met die nodige kwalifikasies, kennis en ervaring om as

deskundige in die hof getuienis te lewer (Carstens & Fouché, 2005:22; Kaliski, 2006:24). Spies en Carstens (2005:35) beklemtoon dat “...not any professional person working with child sexual abuse can give expert testimony”. Die voorafgaande argument het ook die South African Council for Social Services Professions (SACSSP) genoop om stappe te doen om forensiese maatskaplike werk as ’n spesialiteit te registreer (SACSSP, 2003a; SACSSP, 2003b).

Dit is belangrik om in ag te neem dat forensiese maatskaplike werk in Suid-Afrika ’n betreklik nuwe spesialiteitsveld in maatskaplike werk is (SACSSP 2003a; SACSSP, 2003b). Uit die praktykervaring van die navorser is daar onsekerheid en onkunde oor forensiese maatskaplike werk in die Christelik-Maatskaplike Rade (CMR) van die Hoëveldse Sinode, waar die navorser werksaam is. Hierdie onsekerheid kan lei tot rolverwarring, ontoepaslike verwysing van kinderkliënte en selfs konflik tussen kollegas. Daar is dus ’n behoefte geïdentifiseer om maatskaplike werkers binne die CMR van die Hoëveld Sinode te voorsien van riglyne om kinderkliënte toepaslik vir forensiese assessering te verwys.

As ’n maatskaplike werker werksaam by die betrokke welsynorganisasie het die navorser bewus geword van die feit dat die beste belang van die betrokke kind tydens bewerings van seksuele misbruik nie altyd gedien word nie. Dit het sterk na vore gekom dat seksuele misbruik amper ’n taboe-onderwerp is, ten spyte van die realiteit van die hoë voorkoms van hierdie kritiese probleem in maatskaplikewerk-praktyk. Dus het die navorser die behoefte geïdentifiseer om werkbare riglyne voor te stel wat maatskaplike werkers in die CMR van die Hoëveld Sinode, en moontlik ook in ander welsynorganisasies, kan begelei om kinders toepaslik vir forensiese assesserings te verwys.

Die voorafgaande het gelei tot die volgende navorsingsvraag:

Watter riglyne kan saamgestel word om maatskaplike werkers van die CMR (Hoëveld Sinode) te begelei om kinderkliënte toepaslik vir forensiese assessering te verwys?

DOELSTELLING EN DOELWIT

Die oorkoepelende doel van die studie was om riglyne te ontwikkel vir maatskaplike werkers van die CMR (Hoëveldse Sinode) om kinderkliënte toepaslik vir forensiese assessering te verwys.

Die voorafgaande doelstelling lei tot die volgende spesifieke doelwit:

Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek riglyne vir die CMR (Hoëveldse Sinode) te ontwikkel om kinderkliënte toepaslik vir forensiese assessering te verwys.

SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Spesifieke riglyne rakende die verwysing van kinderkliënte vir forensiese assessering sal dienslewering in die CMR (Hoëveldse Sinode) bevorder.

NAVORSINGSMETODOLOGIE

Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is onderneem om bestaande inligting oor die onderwerp te verkry. Alle beskikbare literatuur wat breedweg en spesifiek op die beplande onderwerp betrekking het, is deeglik nagegaan (Strydom 2000:48). Vir die doel van die ondersoek is nasionale en internasionale wetenskaplike bronne soos handboeke, vaktydskrifte, proefskrifte, lopende en afgehandelde navorsingsbronne en populêre bronne gebruik. Om 'n doelgerigte ondersoek te verseker, is databasisse soos EBSCO HOST, Academic Search Premier en Psych Lit gebruik.

Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is beide beskrywend en verkennend van aard (Alston & Bowles, 2003:34; De Vaus, 2001:1-3). Volgens Mouton en Marais (1990:45) kan 'n verkennende studie gebruik word om:

- bestaande kennis te eksplorieer en nuwe kennis en insigte in te win;
- as 'n ondersoek tot 'n meer gestruktureerde studie te dien; en
- prioriteite vir verdere navorsing vas te stel.

Volgens Strydom (2000:78) fokus beskrywende ondersoeke op die eenhede (individue, groepe, gesinne en gemeenskappe) en die kompleksiteit van die verskynsels onder bespreking. Die studie is kwalitatief van aard en data is ingesamel deur middel van 'n fokusgroep- en onderhoudskedule. Volgens Marlow (2005:88) fokus kwalitatiewe navorsing op woorde eerder as syfers om verskynsels te ondersoek en patrone en betekenis in verhoudings te identifiseer.

Deelnemers

Hierdie studie het twee groepe deelnemers ingesluit. Die eerste groep het deelgeneem aan 'n fokusgroepbyeenkoms en het bestaan uit maatskaplike werkers wat nie gespesialiseerde kennis van forensiese maatskaplike werk het nie. Die tweede groep deelnemers het bestaan uit deskundiges in die veld van forensiese maatskaplike werk en het deelgeneem aan onderhoude rakende die onderwerp van hierdie studie. Hier het die navorser gepoog om onderhoude te voer met kundiges wat aan die navorser die geleentheid gebied het om riglyne te bepaal vir die verwysing van kinderkliënte vir 'n forensiese assessering. 'n Onderhoudskedule kan beskou word as "...a set of predetermined questions that might be used as an appropriate instrument to engage the participant in the narrative terrain" (De Vos, Strydom, Fouché & Delpont, 2005:296). Fokusgroepdeelnemers is deur middel van 'n doelgerigte steekproef (Creswell, 2007:132-133) geïdentifiseer.

Die onderstaande tabel bied 'n oorsig van die deelnemers en hoe hulle by hierdie studie betrek is.

TABEL 1: DEELNEMERS BINNE DIE NAVORSINGSPROSES

	GROEP 1: CMR (Hoëveld maatskaplike werkers)	GROEP 2: Deskundiges opgelei in forensiese maatskaplike werk
Tipe steekproef en insluitingskriteria	Doelgerigte streekproef. Opgelei in generiese maatskaplike werk en werksaam in die veld van kinder- en gesinsorg.	Doelgerigte streekproef. Opgelei in generiese maatskaplike werk met spesialisopleiding in forensiese maatskaplike werk.
Data-insamelingsmetode	Fokusgroep.	Onderhoude.
Aantal deelnemers	8	5

Die twee groepe deelnemers se data is verskillend ingesamel. Die fokusgroepbyeenkoms en onderhoudvoering as data-insamelingsmetodes sal vervolgens bespreek word.

Data-insamelingsmetodes

Volgens Monette, Sullivan en DeJong (2002:249) kan fokusgroepbyeenkomste ook *group depth interviews* genoem word aangesien dit baie ooreenkomste toon met diepte-onderhoude. 'n Fokusgroep het die potensiaal om ryk kwalitatiewe data oor 'n bepaalde onderwerp te verskaf. Tydens die fokusgroepbyeenkoms en die onderhoude is die deelnemers die geleentheid gegun om hulle opinies rakende temas van belang vir hierdie studie te gee. (Sien Aanhangsel A en B vir die volledige uiteensetting van die fokusgroep- en onderhoudskedules.) Van die temas het onder meer ingesluit:

- uitdagings betreffende die verwysing van kinderkliënte vir forensiese assessering;
- voorstelle om verwysings meer toepaslik te maak; en
- die ontwikkeling van riglyne vir verwysing.

Greeff (2005:287) sluit hierby aan deur te beklemtoon dat 'n onderhoud aan die navorser geleentheid bied om deelnemers vanuit 'n aangewese veld as deskundiges by 'n studie in te sluit. Die onderhoude was primêr daarop gerig om deskundiges op die gebied van forensiese maatskaplike werk se insette oor die toepaslike verwysing van seksueel misbruikte kinders vir 'n forensiese assessering te bekom.

Etiese aspekte

Hierdie studie is deur die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) goedgekeur en die volgende etiese goedkeuringsnommer is aan die projek toegeken: NWU-0027-09-51. Die navorser het gepoog om deurgaans etiese beginsels soos vrywillige deelname, ingeligte toestemming en vertroulikheid te handhaaf (Strydom, 2005:55-67). Daar is ook met deelnemers ooreengekom oor hoe bevindinge uit die studie bekend gemaak gaan word en dat hulle bydraes anoniem gerapporteer sal word.

Dataverwerking

Die navorser het gebruik gemaak van Tesch se benadering tot die tematiese analise van kwalitatiewe data (Poggenpoel, 1998:343). Tesch se benadering bied aan die navorser die geleentheid om data in agt basiese stappe binne temas te analiseer en te interpreteer.

Prosedure en werkswyse

- Toestemming en ondersteuning vir die studie is van die bestuur van die CMR (Hoëveldse Sinode) verkry.
- Potensiële deelnemers is gewerf en die aard en doel van die studie is met hulle bespreek.
- Fokusgroepbyeenkomste, sowel as individuele onderhoude, is geskeduleer en uitgevoer.
- Data uit die fokusgroepbyeenkomste en onderhoude is aan die hand van die Tesch-benadering verwerk.

BEVINDINGS

Biografiese inligting van deelnemers

Fokusgroep: Deelnemers van CMR (Maatskaplike werkers van die Hoëveld Sinode)

Al die fokusgroepdeelnemers was assistentdirekteure van die NGBD Sinode Hoëveld en beskik oor 'n B-graad in Maatskaplike Werk.

Onderhoude: Kundiges op die gebied van forensiese maatskaplike werk

Deelnemers wat by onderhoude betrek is, het almal een of ander spesifieke opleiding in forensiese maatskaplike werk deurloop. Dit was belangrik vir die navorser om kundiges te betrek om hul opinies en menings te verkry ten einde inligting in te samel om riglyne saam te stel vir die toepaslike verwysing van kinderkliënte vir forensiese assessering.

Deelnemers se sienings

Die bevindinge word in tabelformaat aangebied deur elke keer die betrokke navorsingsvraag te koppel aan die toepaslike groep deelnemers, hulle response en die sentrale temas wat geïdentifiseer is. Die bevindinge vervat in elke tabel word sover moontlik met bestaande literatuur vergelyk.

TABEL 2: DEELNEMERS SE SIENINGS VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK

<i>Vraag:</i>	<i>Fokusgroep-deelnemers</i>	<i>Onderhoudeelnemers</i>
Wat beskou u as forensiese maatskaplike werk?		
<i>'n Opsomming van die deelnemers se response</i>	Kundigheid rakende 'n veld in maatskaplike werk.	Forensiese maatskaplike werk fokus op die lewering van deskundige getuienis in die

	<p>Iemand wat forensiese maatskaplike werk doen besit die nodige kennis.</p> <p>Forensiese maatskaplike werk fokus op wetlike kennis en getuienis in die hof.</p> <p>Forensiese maatskaplike werk is om te spesialiseer in die hantering van sake waar seksuele oortredings ter sprake is.</p>	<p>hof.</p> <p>Dit is 'n spesialiteitsrigting in maatskaplike werk.</p> <p>Primêre fokus van forensiese maatskaplike werk is om moontlike bewerings van seksuele misbruik van kinders te ondersoek.</p>
<i>Sentrale temas</i>	<p>Deskundige persoon.</p> <p>Hantering van seksuele misbruik by kinders.</p> <p>Spesialiteitsveld.</p>	<p>Deskundige persoon.</p> <p>Fokus op ondersoeke in gevalle van seksuele misbruik van kinders.</p> <p>Spesialiteitsveld.</p>

Hierdie beskrywing sluit in 'n groot mate aan by die uitgebreide definisie van forensiese maatskaplike werk as "... the practice specialty in social work that focuses on the law, legal issues, and litigation, both criminal and civil, including issues in child welfare, custody of children, divorce, juvenile delinquency, non-support, relatives responsibility, welfare rights, mandated treatment, and legal competency. Forensic social work also helps social workers in expert witness preparation. It also seeks to educate law professionals about social welfare issues and social workers about the law" (Barker, 2003:166). Volgens Spies (2006:151) moet 'n deskundige opgelei wees om:

- bedag te wees op moontlike tekens wat op seksuele misbruik kan dui;
- kennis in verband met hofvoorbereiding te toon;
- langtermyngevolge in ag te neem; en
- besluitneming rakende vonnisoplegging te hanteer.

Dit blyk uit die bogenoemde dat forensiese maatskaplike werk gespesialiseerde kennis en vaardighede vereis, wat die forensiese maatskaplike werker as 'n deskundige op die gebied van veral seksuele misbruik van kinders erken.

Verwysing na forensiese maatskaplike werker

TABEL 3: REDES VIR VERWYSING NA 'N FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERKER

<i>Vraag:</i>	<i>Fokusgroep:</i>	<i>Onderhoud:</i>
Wat sal die rede vir verwysing na 'n forensiese maatskaplike werker moet wees?		
<i>'n Opsomming van die deelnemers se response</i>	<p>'n Vermoede ontstaan van seksuele misbruik by 'n kind.</p> <p>Fisiese bewyse van seksuele misbruik – medies.</p> <p>Getuienis lewer in hof.</p>	<p>Vermoede van seksuele misbruik.</p> <p>Misdaad teenoor 'n kind.</p> <p>Betrokke kind het onthulling gemaak oor bewerings van fisiese en seksuele misbruik.</p> <p>Gespesialiseerde ondersoek.</p>
<i>Sentrale temas</i>	<p>Vermoede ontstaan.</p> <p>Bewyse van seksuele misbruik.</p> <p>Getuienis in hof.</p>	<p>Vermoede ontstaan.</p>

Die oorkoepelende rede vir die verwysing na 'n forensiese maatskaplike werker moet wees dat daar 'n vermoede bestaan van misbruik, soos deurgegee deur die betrokke kind. Hiermee word bedoel dat die betrokke kind 'n aanduiding moet gee van 'n moontlike bewering van seksuele misbruik.

Volgens Walker (2000:178) kan die volgende ook in ag geneem word:

- Die persoon moet deeglik bewus wees van die wetenskaplike studies en literatuur.

- Hy/sy moet vertrouwd wees met die professionele riglyne wat gevolg moet word en met protokolle.

Barker en Branson (2000:15) noem sekere funksies van forensiese maatskaplike werkers wat ook in ag geneem kan word as 'n rede vir verwysing na 'n forensiese maatskaplike werker. Die funksies sluit in:

- deskundige getuienisaflegging in hof;
- behartiging van assessering indien vermoede of bewering ontstaan en die inlig van die hof oor bevindings;
- ondersoek van sake vir moontlike kriminele oortredings wat begaan is;
- die deurgee van aanbevelings – onder andere vonnisopleggings – aan hof; en
- optrede as tussenganger.

Bestaande verwysingsproses

TABEL 4: BESTAANDE VERWYSINGSPROSES VIR FORENSIESE ASSESSERING

<i>Vraag:</i>	<i>Fokusgroep:</i>	<i>Onderhoud:</i>
Wat beskou u tans as die riglyne vir die verwysing van 'n kind na 'n forensiese maatskaplike werker (die verloop van die proses)?		
<i>'n Opsomming van die deelnemers se response</i>	Reeds 'n strafsak. Benodig nog feite. Saak sterker te stel aan hof. Verwysing na forensiese maatskaplike werker moontlik weens onbekende en vreemde veld. Ongemak ervaar by	Vermoede van 'n misdaad teenoor 'n kind. Nie spesifieke riglyne nie. Aanmelding ontvang – begin ondersoek.

	betrokke saak – vermoede.	
<i>Sentrale temas</i>	Reeds 'n bekende saak – benodig meer inligting en feite.	Geen spesifieke prosies nie – ontvang aanmeldings van ander bronne soos welsynorganisasies – begin ondersoek.

Indien die vermoede van 'n beweerde misbruik teenoor die kind as kliënt ontstaan, moet die regte prosies en prosedures gevolg word. Die navorser is hier sterk van mening dat die kind as kliënt na 'n professionele deskundige soos 'n forensiese maatskaplike werker verwys behoort te word. Indien die regte prosies en prosedures nie gevolg word nie kan dit die kind belemmer en kan die hof die inligting as gekontamineer beskou, wat uiteindelik die kind as kliënt sal benadeel.

Eerste bewering deur kind

TABEL 5: HANTERING VAN EERSTE BEWERING DEUR 'N KIND

<i>Vraag:</i>	<i>Fokusgroep:</i>	<i>Onderhoud:</i>
Moet daar op die eerste bewering van die kind gereageer word?		
<i>'n Opsomming van die deelnemers se response</i>	<i>Ja, daar moet aandag aan die bewering gegee word. Volg op – reageer op eerste bewering.</i>	<i>Ja, begin die prosies met 'n vooraf forensiese evaluering (pre forensic evaluation).</i>
<i>Sentrale temas</i>	<i>Deurlopend "Ja."</i>	<i>Deurlopend "Ja."</i>

Dit is belangrik dat die kind as kliënt ten alle tye ernstig opgeneem word. Indien die kind 'n bewering maak oor 'n moontlike misbruik moet die bewering ondersoek word.

Blinde assessering

TABEL 6: OPINIE OOR BLINDE ASSESSERING

<i>Vraag:</i>	<i>Fokusgroep:</i>	<i>Onderhoud:</i>
Indien 'n ondersoek ingestel word na die bewerings wat die betrokke kind maak, word 'n blinde assessering toegepas? Hoekom, volgens u?		
<i>'n Opsomming van die deelnemers se response</i>	<i>Geen inligting moet deurgegee word nie. Basiese inligting – identifiserende besonderhede. Beperkte inligting kan deurgegee word sonder om ander inligting te kontamineer.</i>	<i>Blinde assessering dien om forensiese maatskaplike werker objektief te laat bly. Geen vooropgestelde idees nie. Inligting kan nie beïnvloed word nie. Kollaterale inligting moet ook ondersoek word as bevestiging verder in die proses.</i>
<i>Sentrale temas</i>	<i>Geen inligting moet deurgegee word nie.</i>	<i>Om meer objektief te wees en inligting moet nie bekend gemaak word nie.</i>

Volgens Grobbelaar (2007:01) behoort 'n volledige forensiese assesseringsproses gevolg te word. In alle gevalle word aanbeveel dat die proses begin word deur 'n blinde kliniese assessering, opgevolg met 'n forensiese assessering.

'n Blinde assessering behels dat geen inligting behalwe besonderhede van die kind en die kind se gesin aan die forensiese maatskaplike werker bekend gemaak word nie.

Die doel van 'n assessering is, volgens Kaliski (2006:381), primêr die verkryging van inligting oor die kind, waarvolgens verdere intervensie beplan sal word.

Die forensiese maatskaplike werker se assessering is primêr daarop gerig om feitelik korrekte deskundige getuienis in die hof te kan lewer. Volgens Kaliski (2006:381) is dit duidelik dat die forensiese maatskaplike werker op grond van ervaring in die veld meer feitelik georiënteer is.

Siening van forensiese assessering

TABEL 7: DEELNEMERS SE SIENING VAN FORENSIESE ASSESSERING

<i>Vraag:</i>	<i>Fokusgroep:</i>	<i>Onderhoud:</i>
Wat behels forensiese assessering?		
<i>'n Opsomming van die deelnemers se response</i>	<i>Doen intensiewe assessering. Bevestig seksuele bewering gemaak deur betrokke kind. Gebruik wetlike tegnieke.</i>	<i>Ondersoek feite. Ondersoek verskeie dimensies. Kyk holisties na bewering/aanmelding. Handhaaf forensiese onderhoude met betrokke partye. Doen uitgebreide ondersoek. Proses begin waar bevindings ondersoek word.</i>
<i>Sentrale temas</i>	<i>Voer diepte-ondersoek uit. Doen intensiewe assessering.</i>	<i>Voer diepte-ondersoek uit. Ondersoek feite.</i>

Voordat daar 'n aanbeveling gemaak of tot 'n konklusie gekom kan word moet die betrokke kind eers geassesseer word. Tydens die assessering maak die assesseeerder

gebruik van sekere tegnieke wat as hulpmiddels dien (Schoeman & Van der Merwe, 1996:61).

Die inligting wat die forensiese maatskaplike werker inwin, sal aan die hof beskikbaar gestel word, terwyl die vertroulikheid van die kinderkliënt in terapie erken word ten einde die kind geleentheid te bied om dieperliggende emosies, vrese en frustrasies te verwerk (Schoeman & Van der Merwe, 1996:4).

Tweeledige betrokkenheid

TABEL 8: OPINIE OOR TWEeledIGE BETROKKENHEID BY ASSESSERING EN TERAPIE

<i>Vraag:</i>	<i>Fokusgroep:</i>	<i>Onderhoud:</i>
Is dit wys om na afloop van die assessering terapie aan die betrokke kind te bied?		
<i>'n Opsomming van die deelnemers se response</i>	<i>Ja, kind het reeds vertroue in forensiese maatskaplike werker. Nee, nie terwyl hofproses hangend is nie. Kan na afhandeling van saak terugverwys vir terapie by die forensiese maatskaplike werker.</i>	<i>Nee, nie die ideaal nie.</i>
<i>Sentrale temas</i>	<i>Kind het vertroue in forensiese maatskaplike werker. Nie altyd in belang van kind dat forensiese maatskaplike werker terapie behartig nie – kan moontlik die proses</i>	<i>Dis nie die ideaal nie, maar weens min maatskaplike werkers word dit wel gedoen. Proses kan ook benadeel word indien terapie behartig word deur forensiese maatskaplike werker.</i>

Uit die literatuur blyk dit dat inligting oor die kind se seksuele misbruik deur 'n forensiese maatskaplike werker behartig moet word en die terapie in verband met die seksuele misbruik deur 'n terapeut.

Hierdie standpunt word ook ondersteun deur die American Academy of Child and Adolescent Psychiatry (1990) wat aanbeveel dat “...*the evaluator and the child's therapist should be two different individuals. This clarifies roles and preserves confidentiality in treatment.*”

Walker (2000) tref duidelik in onderstaande tabel (verwerk deur die navorser) onderskeid tussen die hoofelemente in forensiese maatskaplike werk en terapeutiese werk.

TABEL 9: ONDERSKEID TUSSEN DIE HOOFELEMENTE IN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK EN TERAPEUTIESE WERK

Elemente	Forensies	Terapeuties/Klinies
Kliënt	Hof	Kind
Konteks	Wetlik	Terapeuties
Houding	Neutraal	Ondersteunend
Tipe data	Feitlik	Subjektiewe ervaring
Struktuur	Baie gestruktureerd	Meer ongestruktureerd
Metode	Vermyn leidinggewende vrae	Soms leidinggewende vrae
Fantasie	Net werklikheid word herken	Soms denkbeeldig
Dokumentasie	Omvattende video's	Minder gestruktureerde notas
Produk	Lang verslag	Kort verslag
Kollateraal	Omvattend	Soms kontak
Rekorddoorsig	Definitief	Moontlik

Duur van kontakte	1-3 sessies	Verskeie/Baie
-------------------	-------------	---------------

Uit die bogenoemde tabel blyk dit duidelik dat daar onderskei kan word tussen die kernelemente in forensiese maatskaplike werk en die werk van die terapeut. Daar kan afgelei word dat dit vir die forensiese werker baie moeilik sal wees om ook die rol van die terapeutiese werker te vervul en andersom.

Bestaande hanteringsprosedure

TABEL 10: BESTAANDE PROSEDURE BY DIE HANTERING VAN BEWEERDE SEKSUELE MISBRUIK VAN 'N KIND

<i>Vraag:</i>	<i>Fokusgroep:</i>	<i>Onderhoud:</i>
Wat is tans die proses by u organisasie nadat 'n kind 'n bewering gemaak het?		
<i>'n Opsomming van die deelnemers se response</i>	<i>Ontvang aanmelding. Begin ondersoek. Bewerings word gemaak. Vermoede ontstaan van moontlike misbruik. Bepreek met assistentdirekteur. Verwys na eksterne hulpbronne soos forensiese maatskaplike werker vir verdere ondersoek.</i>	<i>Ontvang aanmeldings van ander welsynorganisasies waar vermoede van misbruik ontstaan. Veiligheid van kind word ondersoek. Terugvoering word gegee aan betrokke partye. Besluitneming oor verdere plan van aksie. Aanmelding by SAPD.</i>
<i>Sentrale temas</i>	<i>Volg protokol van organisasie.</i>	<i>Vermoede of bewering ontstaan reeds – word verwys vir verdere ondersoek.</i>

Verkillende partye word betrek in die proses waar die kind as kliënt na bewering misbruik is. Die verskillende partye het almal 'n verpligting om ten alle tye die

gevestigde protokol, proses en prosedure te volg om effektiewe dienslewering te verseker.

Aspekte om tydens forensiese assessering te vermy

TABEL 11: ASPEKTE OM TYDENS FORENSIESE ASSESSERING TE VERMY

<i>Vraag:</i>	<i>Fokusgroep:</i>	<i>Onderhoud:</i>
Wat moet vermy word tydens die forensiese assessering van 'n kind?		
<i>'n Opsomming van die deelnemers se response</i>	<p><i>Suggesie.</i></p> <p><i>Bevraagtekening van kind se verklaring.</i></p> <p><i>Leidinggewende vrae.</i></p> <p><i>Moenie vir kind voel dat oortreder beskerm word nie.</i></p>	<p><i>Leidinggewende vrae.</i></p> <p><i>Suggesie.</i></p> <p><i>Maak afleiding.</i></p> <p><i>Opleiding belangrik.</i></p> <p><i>Eksploreer, nie interpreteer nie.</i></p> <p><i>Gebruik tegnieke op regte wyse – ken kriteria van tegnieke.</i></p> <p><i>Volg gereeld op.</i></p> <p><i>Maak duidelik en klaar uit.</i></p> <p><i>Moenie gevolgtrekkings maak nie.</i></p> <p><i>Moenie vooropgestelde idees hê nie – eksploreer.</i></p>
<i>Sentrale temas</i>	<p><i>Afleiding te maak, suggestie en leidinggewende vrae.</i></p>	<p><i>Leidinggewende vrae.</i></p> <p><i>Aannames te maak.</i></p> <p><i>Suggesie.</i></p> <p><i>Maak duidelik, volg op.</i></p> <p><i>Eksploreer deeglik.</i></p>

Wat duidelik na vore gekom het om in die assessering te vermy, is onder andere leidinggewende vrae (*leading questions*), bevraagtekening van kind se verklaring en

suggestie. Gepaard hiermee blyk dit dat die forensiese maatskaplike werker objektief moet bly en nie vooropgestelde idees moet hê nie.

Mediese verslag

TABEL 12: NOODSAAKLIKHEID VAN 'N MEDIESE VERSLAG AS DEEL VAN FORENSIESE ASSESSERING

<i>Vraag:</i>	<i>Fokusgroep:</i>	<i>Onderhoud:</i>
Is 'n mediese verslag belangrik al word al die inligting verkry in die forensiese assessering?		
<i>'n Opsomming van die deelnemers se response</i>	<i>Ja, dien as kollaterale inligting. Neem periode van moontlike misbruik in ag – lang tydperk verloop tussen mediese ondersoek en assessering dalk tot nadeel van betrokke kind. Mediese ondersoek kan meer skade verrig – oorweeg versigtig. Dien as hulpmiddel.</i>	<i>Ja, indien misbruik plaasgevind het plaas dit misbruik in konteks. Kollaterale inligting.</i>
<i>Sentrale temas</i>	<i>Dien as 'n bewys by hof. Kan moontlike nadelig wees vir betrokke kind. Dien as hulpmiddel.</i>	<i>Dien as kollaterale inligting vir verdere hofverrigtinge.</i>

Volgens die handleiding van Grobbelaar (2007:08) word 'n mediese ondersoek altyd gedoen met die hof in gedagte en met die doel om soveel inligting moontlik bymekaar te voeg. Die welstand van die kind behoort egter altyd prioriteit nommer een te wees. Hierdie kinders moet, net soos enige ander kind, baie goed vir die ondersoek voorberei word.

Wie behoort forensiese assesserings te doen?

TABEL 13: WIE BEHOORT FORENSIESE ASSESSERINGS TE DOEN?

<i>Vraag:</i>	<i>Fokusgroep:</i>	<i>Onderhoud:</i>
Kan ander opgeleide maatskaplike werkers 'n forensiese assessering doen sonder die nodige forensiese opleiding, al besit hulle wel opleiding in ander assessering?		
<i>'n Opsomming van die deelnemers se response</i>	<i>Nee, moet nodige opleiding ontvang het. Moet bewus wees van proses en prosedures.</i>	<i>Nee, moet die nodige kennis, ervaring en vaardighede hê. Ja, elke maatskaplike werker kan 'n kliniese onderhoud voer wat aanvaar word in die hof.</i>
<i>Sentrale temas</i>	<i>Moet opgelei wees in die veld van forensiese maatskaplike werk.</i>	<i>Kennis, vaardigheid en ervaring is belangrik. Betrokke persoon moet opgelei wees in die veld van forensiese maatskaplike werk. Indien opgelei vir 'n kliniese onderhoud, kan dit moontlik deur hof aanvaar word.</i>

Spies (2006:194-195) gee riglyne/kriteria waaraan 'n forensiese maatskaplike werker moet voldoen, wat in ag geneem kan word by besluitneming oor wie forensiese assessering kan behartig.

Die sluit onder andere in dat die forensiese maatskaplike werker:

- op 'n verstaanbare wyse en op grond van kennis, ervaring en 'n opinie oor die moontlikheid van misbruik teenoor die kind as kliënt inligting aan die hof kan oordra;
- 'n werkbare benadering moet volg wat getuig van sy/haar assesseringsvaardighede en wat in die hof verdedig kan word;
- verskillende moontlikhede moet eksploreer en ander moontlikhede moet identifiseer deur na die breë prentjie te kyk, met ander woorde daar moet gekyk word na alternatiewe wat moontlik aanleiding kon gee tot die seksuele wangedrag van die kind;
- moet oor die nodige onderhoudsvaardighede beskik sodat hy/sy ten alle tye professioneel sal optree, inligting moet deeglik nagegaan word, geen leidinggewende vrae moet gevra word en inligting moet nie gekontamineer word nie;
- moet objektief en neutraal bly.
- moet op sy/haar gemak wees en vertrouwd met die beroep en wetlike aspekte daarvan ten einde 'n professionele aanbeveling te maak;
- moet geen afleidings en aannames maak nie;
- moet met gemak oor seksuele aspekte en seksualiteit kan praat;
- moet ook optree volgens die doelgerigte verwysingsraamwerk binne die veld van forensiese maatskaplike werk; en
- moet laastens ook die nodige kennis opgedoen en opleiding ondergaan het om as deskundige in die veld van forensiese maatskaplike werk diens te lewer.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat forensiese maatskaplike werk 'n beroep is wat behartig moet word deur 'n opgeleide, gekwalifiseerde deskundige op die gebied.

Swak verwysings

TABEL 14: REDES VIR SWAK VERWYSINGS VIR FORENSIESE ASSESSERING

<i>Vraag:</i>	<i>Fokusgroep:</i>	<i>Onderhoud:</i>
Wat veroorsaak dat die ideale		

proses vir die verwysing na 'n forensiese maatskaplike werker nie bereik kan word nie?		
<i>'n Opsomming van die deelnemers se response</i>	<i>Beperkte hulpbronne.</i> <i>Onkunde.</i> <i>Gebrek aan opleiding.</i> <i>Hoë gevalleladings.</i> <i>Verwarring.</i> <i>Onprofessionele ondersoeke.</i> <i>Koste verbonde.</i>	<i>Onkunde.</i> <i>Oningelig.</i> <i>Beperkte mannekrag.</i> <i>Onkunde van regstelsel.</i> <i>Verkeerde proses en riglyne wat gevolg word.</i> <i>Onetiese optrede van ander professionele persone.</i>
<i>Sentrale temas</i>	<i>Beperkte hulpbronne.</i> <i>Onkunde.</i> <i>Onprofessionele ondersoeke.</i>	<i>Onkunde.</i> <i>Oningelig oor proses wat gevolg moet word.</i> <i>Gebrek aan kennis.</i>


Onkunde, gebrek aan kennis en beperkte hulpbronne speel 'n groot rol in die verwysing na 'n forensiese maatskaplike werker. Forensiese maatskaplike werk is relatief nuut in die veld van maatskaplike werk en heelwat rolverwarring word veroorsaak. Wat beklemtoon moet word is die feit dat forensiese maatskaplike werk 'n spesialiteitsveld is.

Op grond van die voorafgaande data het die navorser die volgende konsepraamwerk ontwikkel om maatskaplike werkers in die CMR Hoëveld Sinode te begelei om toepaslike verwysings vir forensiese assesserings te doen:

RIGLYNE VIR TOEPASLIKE VERWYSING VAN KINDERKLIËNTE VIR FORENSIESE ASSESSERING IN DIE CMR VAN DIE HOËVELD SINODE

Die volgende diagram dien as opsomming van die voorgestelde riglyn om verwysings vir forensiese assesserings in die CMR kantore van die Hoëveld Sinode te bevorder.

DIAGRAM 1: RIGLYN VIR VERWYSING VIR FORENSIESE ASSESSERING



GEVOLGTREKKINGS

Uit hierdie ondersoek kan die navorser tot die volgende gevolgtrekkings kom:

- Dit is belangrik dat forensiese maatskaplike werk as 'n spesialiteit in maatskaplike werk erken word, aangesien dit baie spesifieke kennis en vaardighede vereis.
- 'n Forensiese maatskaplike werker word beskou as 'n deskundige in die hof, wat assesserings behartig indien 'n vermoede of bewering ontstaan, en dan die hof oor die bevindings inlig.
- Daar is prosesse en prosedures wat by die verwysing na 'n forensiese maatskaplike werker gevolg moet word.
- Dit is belangrik dat die kind as kliënt ernstig opgeneem word en dat daar op die eerste bewering van die kind gereageer word.
- 'n Mediese ondersoek speel 'n belangrike rol in die verwysing van die kind as kliënt. Die mediese ondersoek dien as kollaterale inligting.
- Die ideaal is dat die forensiese maatskaplike werker nie die terapie van die betrokke kind behartig nie.
- Dit is belangrik dat 'n forensiese maatskaplike werker oor die nodige opleiding, vaardigheid en kennis beskik om effektiewe dienste aan die kind as kliënt te lewer.
- Uit die ondersoek het dit ook geblyk dat forensiese maatskaplike werkers 'n noodsaaklike rol vervul. Die meeste van die deelnemers is ten gunste daarvan dat forensiese maatskaplike werkers se dienste vir die verwysing van seksueel misbruikte kinders benut moet word.

AANBEVELINGS

Op grond van die voorafgaande bevindinge en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gemaak:

- Die rol van die forensiese maatskaplike werker moet deeglik aan ander maatskaplike werkers uiteengesit word.

- 'n Forensiese maatskaplike werker moet oor die nodige kennis, ervaring en vaardighede beskik.
- Onderskeid moet getref word tussen die diens wat 'n forensiese maatskaplike werker lewer en terapeutiese dienste wat 'n terapeut lewer.
- 'n Protokol moet binne die welsynorganisasie gevolg word by die verwysing van die kind as kliënt ten einde effektiewe dienslewering te verseker.
- Dit is belangrik dat 'n forensiese maatskaplike werker die nodige opleiding moet ontvang, sodat hy/sy as 'n deskundige in die hof kan getuig.
- Die forensiese maatskaplike werker moet 'n forensiese assessering kan behartig en bevindings bekend maak.
- 'n Mediese ondersoek dien as kollaterale inligting wat verdere ondersoek kan versterk.
- Welsynorganisasies se maatskaplike werkers moet ingelig word oor die proses wat by die verwysing na 'n forensiese maatskaplike werker gevolg moet word.

SAMEVATTING

Hierdie navorsing het aan die navorser die geleentheid gegun om ondersoek in te stel na effektiewe verwysing van kinderkliënte vir forensiese assessering binne die welsynorganisasiestruktuur.

Daar is gefokus op die bereiking van die doelstelling en doelwit. Die navorser het gevolgtrekkings uit die literatuurstudie gemaak.

Verskillende rolle moet vervul word deur verskillende professionele persone. In die maatskaplikewerkprofessie word daar druk op die maatskaplike werkers geplaas om besluite oor die kind se statutêre posisie te neem. Inligting oor wat met die kind gebeur en hoe hy/sy die situasie beleef het, moet bekom word.

Met behulp van die voorgestelde riglyne vir maatskaplike werkers word daar gepoog om hulle te ondersteun om effektiewe diens aan die kind as kliënt te lewer.

BRONNELYS

ALSTON, M. & BOWLES, W. 2003. **Research for social workers: an introduction to methods.** 2nd ed. London: Routledge.

BABBIE, E. 2004. 7TH Edition. **The practice of social research.** USA: Watsworth Publishing Company.

BARKER, R.L. 2003. **The social work dictionary.** 5th ed. Washington, DC.: NASWA Press.

BARKER, R.L. & BRANSON, D.M. 2000. **Forensic social work: legal aspects of professional practice.** New York: Haworth.

BARLOW, D.H. & DURAND, V.M. 2005. **Abnormal psychology: integrative approach.** New York: Houghton Mifflin.

BLESS, C. & HIGSON-SMITH, C. 1995. **Fundamentals of social research methods: an African perspective.** 2nd ed. Cape Town: Juta.

CARSTENS, R. & FOUCHÈ, A. 2005. **Play techniques in the assessment of sexually abused children.** Pretoria: Van Schaik.

CONSTITUTION **see** SOUTH AFRICA. 1996.

CRESWELL, J.W. 2007. **Qualitative inquiry and research design: choosing among five approaches.** Thousand Oaks: SAGE.

DAWES, A. & HIGSON-SMITH, C. 2004. **Sexual abuse of young children in South Africa.** Cape Town: HSRC Press.

DE VAUS, D 2001. **Research design in social research.** London: SAGE.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. **Research at grass roots. For the social sciences and human services professions.** 3rd Edition. Pretoria: Van Schaik.

GREEFF, M. 2005. **Information collection: interviewing.** In DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. **Research at grass roots. For the social sciences and human services professions.** 3rd Edition. Pretoria: Van Schaik.

GROBBELAAR, A. 2007. **Forensiese maatskaplike werk: misbruik van kinders.** Handleidings.

HOWES, M.F. 1990. **Die maatskaplike werker as deskundige getuie in die hof.** Maatskaplike Werk/ Social Work 26(1): 67-73.

KALISKI, S. 2006. **Psychological assessment.** 1st ed. Cape Town: Oxford University Press.

MARLOW, C.R. 2005. **Research methods for generalist social work.** Toronto: Brooks/Cole.

MONETTE, D.R., SULLIVAN, T.J. & DE JONG, C.R. 2002. **Applied social research: tool for the human services.** New York: Thomson Learning.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1990. **Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe.** Pretoria: RGN.

MWKF 876 Leesgids. 2007. **Inleiding tot forensiese maatskaplike werk. Fokus – Kindermisbruik.** Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

POGGENPOEL, M. 1998. Data analysis in qualitative research. (In DE VOS, A.S. ed. **Research at grass roots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik. p. 334-353.)

RUBIN, A. & BABBIE, E. 2001. **Research methods for social work**. Pacific Grove, CA.: Brooks/Cole.

SCHOEMAN, J.P. & VAN DER MERWE, M. 1996. **Entering the child's world: a play therapy approach**. Pretoria: Kagiso Tertiary.

SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SOCIAL SERVICES PROFESSIONS. 2003a. **Policy guidelines for course conduct, code of ethics and rules for social workers professionals**. Pretoria: SACSSP.

SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SOCIAL SERVICES PROFESSIONS. 2003b. **The establishment of specialties in social work: criteria and guidelines**. Pretoria: SACSSP.

SPIES, G.M. & CARSTENS, R. 2005. The social worker as an expert witness in court cases of child sexual abuse: a professional guideline. *Die maatskaplike werk navorsers praktisyner/ The social work research practioner*.

SPIES, G.M. 2006. **Sexual abuse, dynamics, assessment and healing**. 1st ed. Pretoria: Van Schaik.

STRYDOM, H. 2000. **Maatskaplike werk navorsing**. (MWKG 431-Diktaat). Potchefstroom: PU vir CHO.

STRYDOM, H. 2005. Ethical issues in research. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. eds. **Research at grass roots: for the social sciences and human services professions**. Pretoria: Van Schaik. p. 55-67).

SUID-AFRIKA. 2005. **Kinderwet**, 38 van 2005. Pretoria: Staatsdrukker.

SOUTH AFRICA. 1996. **Constitution of the Republic of South Africa** (as adopted by the Constitutional Assembly on 8 May 1996 and as amended on 11 October 1996). (B34B-96.) Pretoria: Government Press.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. **Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk.** Kaapstad: CTP Book Printers.

WALKER, A.C. 2000. **Handbook on questioning children: a life perspective.** 2nd ed. Washington DC: American Bar Association.

WEYERS, M.L. 2001. **Demarcating the field of forensic social work in South Africa: a basic document.** Pretoria: South African Council of Social Services Professions.

AANHANGSEL A

Fokusgroepvrae:

1. Wat beskou u as forensiese maatskaplike werk?
2. Wat sal die rede vir verwysing moet wees na 'n forensiese maatskaplike werker?
3. Wat beskou u tans as die riglyne vir die verwysing van 'n kind na 'n forensiese maatskaplike werker (die verloop van die proses)?
4. Moet daar op die eerste bewering van die kind gereageer word?
5. Indien 'n ondersoek ingestel word na die bewerings wat die betrokke kind maak, word 'n blinde assessering toegepas? Hoekom, volgens u?
6. Wat behels forensiese assessering?
7. Is dit wys om na afloop van die assessering die terapie aan die betrokke kind te bied?
8. Wat is tans die proses by u organisasie nadat 'n kind 'n bewering gemaak het?
9. Wat moet vermy word tydens die forensiese assessering van 'n kind?
10. Is 'n mediese ondersoek belangrik al word al die inligting in die forensiese assessering verkry?
11. Kan ander opgeleide maatskaplike werkers 'n forensiese assessering doen sonder die nodige forensiese opleiding, al besit hulle wel opleiding in ander assesserings?
12. Wat veroorsaak dat die ideale proses vir die verwysing na 'n forensiese maatskaplike werker nie bereik kan word nie?

AANHANGSEL B

Fokusgroepformaat:

1. Inleiding vir die fokusgroep.
2. Doel van die breë studie.
3. Voltooiing van die toestemmingsvorm.
4. Beskrywing van die formaat en hoe die proses sal verloop (gesamentlik geneem uit Barker, 2003; Spies, 2006; Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995):
 - *content, pause/reflection, content, pause/reflection*
 - *sharing in group with discussion and input from participants, pause and reflection after sharing.*
5. Beantwoording van vrae.
6. Samevatting.

DOEL VAN DIE STUDIE: Die oorkoepelende doel van die studie is om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek riglyne te ontwikkel vir maatskaplike werkers van die CMR (Hoëveldse Sinode) om kinderklënte toepaslik vir forensiese assessering te verwys.

INLIGTING EN WAT IN AG GENEEM KAN WORD:

Spesialisdienste soos forensiese maatskaplike werk is egter nie altyd binne die kennisbasis en praktykervaring van alle maatskaplike werkers nie, aangesien dit spesifieke kennis en vaardighede vereis (Spies, 2006:206).

Definisie forensiese maatskaplike werker:

Barker (2003:166) beskryf 'n forensiese maatskaplike werker as "... the practice specialty in social work that focuses on the law, legal issues, and litigation, both criminal and civil, including issues in child welfare, custody of children, divorce, juvenile delinquency, non-support, relatives responsibility, welfare rights, mandated treatment, and legal competency. Forensic social work also helps social workers in expert witness preparation. It also seeks to educate law professionals about social welfare issues and social workers about the law".

Die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:62) beskryf **statutêre maatskaplike werk** as 'n gespesialiseerde veld in maatskaplike werk wat daarop gemik is om die funksionering van individue, gesinne en gemeenskappe te verbeter, deur die aanwending van administratiewe prosedures toe te pas wat voorgeskryf is deur 'n geskrewe wet van 'n wetgewende liggaam.

Pause and reflection

This will give the participants information about what to expect and give them an opportunity to ask questions or comment on the information on the format and help and shape the process (Barker, 2003; Spies, 2006; Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995)

Bronne:

BARKER, R.L. 2003. **The social work dictionary.** 5th ed. Washington, DC.: NASWA Press.

SPIES, G.M. 2006. **Sexual abuse, dynamics, assessment & healing.** 1st ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. **Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk.** Kaapstad: CTP Book Printers.

AANHANGSEL C

Onderhoudskedulevrae:

1. Wat beskou u as forensiese maatskaplike werk?
2. Wat sal die rede vir verwysing moet wees na 'n forensiese maatskaplike werker?
3. Wat beskou u tans as die riglyne vir die verwysing van 'n kind na 'n forensiese maatskaplike werker (die verloop van die proses)?
4. Moet daar op die eerste bewering van die kind gereageer word?
5. Indien 'n ondersoek ingestel word na die bewerings wat die betrokke kind maak, word 'n blinde assessering toegepas? Hoekom, volgens u?
6. Wat behels forensiese assessering?
7. Is dit wys om na afloop van die assessering die terapie aan die betrokke kind te bied?
8. Wat is tans die proses by u organisasie nadat 'n kind 'n bewering gemaak het?
9. Wat moet vermy word tydens die forensiese assessering van 'n kind?
10. Is 'n mediese ondersoek belangrik al word al die inligting in die forensiese assessering verkry?
11. Kan ander opgeleide maatskaplike werkers 'n forensiese assessering doen sonder die nodige forensiese opleiding, al besit hulle wel opleiding in ander assesserings?
12. Wat veroorsaak dat die ideale proses vir die verwysing na 'n forensiese maatskaplike werker nie bereik kan word nie?

AANHANGSEL D

**RIGLYNE VIR TOEPASLIKE VERWYSING VAN KINDERKLIËNTE VIR
FORENSIESE ASSESSERING IN 'N SUID-AFRIKAANSE
WELSYNORGANISASIE**

Hoofnavorser: Me. Karin Botha

Verklaring deur deelnemer:

EK, DIE ONDERGETEKENDE

.....(Deelnemer)

bevestig hiermee die volgende:

Dat ek uitgenooi is om deel te neem aan die bogenoemde navorsingsprojek wat deur Me. Karin Botha MA forensiese student van die Universiteit van Noordwes, Departement Maatskaplike Werk onderneem word.

Ek verstaan dat daar geen risiko's is nie en dat my deelname vrywillig is. Ek, as deelnemer, word deel van die navorsing ten einde riglyne vir toepaslike verwysing van kinderkliënte vir forensiese assessering in 'n Suid-Afrikaanse welsynorganisasie saam te stel.

Vertroulikheid sal gehandhaaf word deurdat inligting ingesamel en vertroulik hanteer word, maar dit kan aangewend word vir bv. publikasie sonder om die identiteit van die deelnemer te openbaar.

Daar is geen dwang op my as deelnemer geplaas nie en die projek hou geen addisionele koste vir my as deelnemer in nie.

**EK STEM HIERMEE VRYWILLIG IN OM DEEL TE NEEM AAN DIE
NAVORSINGSPROJEK.**

Geteken te.....op.....2010.

.....

Handtekening van deelnemer

Handtekening van getuie/navorsers

AANHANGSEL E